**DEPARTEMENT VAN POLISIE**

**NO. 1455** **30 NOVEMBER 2016**

## NASIONALE STANDAARD VAN POLISIËRING VIR MUNISIPALE POLISIEDIENSTE OOR DIE GEBRUIK VAN GEWELD TYDENS ARRESTASIE

Die voorgestelde nasionale standaard van polisiëring vir munisipale polisiedienste word hiermee kragtens artikel 64L van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995) deur die Waarnemende Nasionale Kommissaris vir algemene inligting en kommentaar van belangstellende partye gepubliseer. Belangstellende party word uitgenooi om kommentaar te lewer op die voorgestelde nasionale standaard binne 60 dae vanaf die publikasie vir aandag van die volgende persoon:

**Brigadier M van Rooyen**
**Die Afdeling: Regs- en Beleidsdienste**
**Suid-Afrikaanse Polisiediens**

Epos: vanrooyenm@saps.gov.za; of

Faksnommer: 086 664 5226.

# NASIONALE STANDAARD VAN POLISIËRING VIR MUNISIPALE POLISIEDIENSTE OOR DIE GEBRUIK VAN GEWELD TYDENS ARRESTASIE

## INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: AGTERGROND EN WOORDOMSKRYWINGS
HOOFSTUK 2: ALGEMENE BEGINSELS
HOOFSTUK 3: BEWOORDING VAN ARTIKEL 49
HOOFSTUK 4: VEREISTES VIR DIE GEBRUIK VAN GEWELD
HOOFSTUK 5: MINIMUM GEWELD EN PROPORSIONALITEIT
HOOFSTUK 6: DIE GEBRUIK VAN DODELIKE GEWELD
HOOFSTUK 7: DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN 'N BEVELVOERDER EN DIE AANMELDING VAN VOORVALLE

## HOOFSTUK 1: AGTERGROND EN WOORDOMSKRYWINGS

### 1. AGTERGROND

Die doel van hierdie Nasionale Standaard is om die gebruik van *geweld* deur 'n *lid* tydens arrestasie van 'n *verdagte* te reguleer, soos beoog in artikel 49 van die *Strafproseswet*.

### 2. WOORDOMSKRYWINGS

In hierdie Nasionale Standaard, tensy die konteks anders aandui, beteken —

(a) ***"bevelvoerder"*** die *lid* in beheer van die kantoor van die munisipale polisiediens;

(b) ***"bevoegdheid om te arresteer"*** die magtiging verleen deur wetgewing om 'n persoon te arresteer;

(c) ***"dodelike geweld"*** enige *geweld* wat waarskynlik tot die dood van die *verdagte* sal lei en sluit in die gebruik van 'n vuurwapen om op 'n *verdagte* te skiet (ongeag die deel van die liggaam van die *verdagte* waarop gemik is);

(d) ***"geweld"*** enige vorm van *geweld* wat op die liggaam van 'n *verdagte* toegepas word en wat nie van 'n onbenullige aard is nie;

(e) ***"lid"*** 'n *lid* van 'n munisipale polisiediens;



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(f) ***"OPOD"*** die Onafhanklike Polisie Klagtedirektoraat;

(g) ***"OPOD-Wet"*** die "Independent Police Investigative Directorate Act, 2011 (Act No. 1 of 2011)";

(h) ***"Strafproseswet"*** die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977); en

(i) ***"verdagte"*** 'n persoon wat redelikerwys vermoed word 'n misdryf pleeg of gepleeg het.



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

# HOOFSTUK 2: ALGEMENE BEGINSELS

## 3. Die gebruik van geweld om 'n arresteer uit te voer en die gebruik van geweld in noodweer

Die gebruik van *geweld* om 'n arrestasie uit te voer is duidelik onderskeibaar van die gebruik van *geweld* in **noodweer**. 'n Situasie kan ontstaan waarin, terwyl die *lid* poog om 'n *verdagte* te arresteer, die *verdagte* (of iemand anders) dreig om onmiddellike *geweld* teen die *lid* of 'n ander persoon te gebruik. In so 'n geval is die *lid* geregtig om in **noodweer** (gebruik van *geweld*) op te tree om homself, haarself of iemand anders teen die onregmatige aanval te beskerm. Die doel van die gebruik van *geweld* in sodanige omstandighede is egter om homself, haarself or iemand anders teen die onregmatige aanval te beskerm en nie om iemand te arresteer nie. Artikel 49 van die *Strafproseswet* sal derhalwe nie geld nie. Die gemeenregtelike reëls in verband met noodweer sal geld.

## 4. Die bevoegdheid om te arresteer en die wyse waarop 'n arrestasie uitgevoer word

(1) 'n *Lid* mag slegs 'n persoon arresteer indien hy of sy die bevoegdheid het om daardie persoon te arresteer. Wetgewing (die *Strafproseswet* in besonder) magtig 'n *lid* om 'n persoon in bepaalde beperkte omstandighede te arresteer. Elke *lid* moet homself of haarself vergewis van die wetgewing wat 'n *lid* magtig om 'n persoon te arresteer en moet, in die besonder, seker maak dat hy of sy die omstandighede begryp wat in wetgewing uiteengesit word wat teenwoordig moet wees alvorens 'n persoon gearresteer mag word.

(2) Die vereistes vir die uitvoering van 'n regmatige arrestasie word hanteer in die Nasionale Standaard van Polisiëring oor arrestasie en die behandeling van 'n gearresteerde persoon totdat sodanige persoon aan 'n gemeenskapsdiensentrumbevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Polisiediens oorhandig word. Alleenlik daardie aspekte van arrestasie wat handel oor die gebruik van die *geweld*, word in hierdie Munisipale Standaard aangespreek.



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(3) Artikel 39(1) van die *Strafproseswet* bepaal dat arrestasie (inhegtenisneming) met of sonder 'n lasbrief uitgevoer kan word en, *tensy die persoon wat in hegtenis geneem staan te word, hom of haar aan bewaring onderwerp*, deur sy of haar liggaam werklik aan te raak of, indien die omstandighede dit vereis, deur sy of haar liggaam met *geweld* in bedwang te bring.

(4) Hoewel artikel 39(1) 'n *lid* magtig om die liggaam van 'n persoon *"met geweld in bedwang te bring"* tydens die poging om die persoon te arresteer, is dit slegs toelaatbaar indien ***die persoon hom of haar nie aan die bewaring onderwerp nie*** *en die omstandighede dit vereis*. Daar kan van 'n *lid verwag* word om later in die hof die omstandighede wat geheers het, te verduidelik en wat vereis het dat hy of sy die persoon wat hy of sy gearresteer het *"met geweld in bedwang moes bring"*. Sodanige omstandighede kan insluit dat die persoon gepoog het om die arrestasie vry te spring deur byvoorbeeld weg te hardloop, dreigende optrede ten toon te stel of dreigemente te maak.

(5) Artikel 39(1) derhalwe magtig 'n *lid* om slegs *geweld* te gebruik in sekere beperkte omstandighede om 'n arrestasie uit te voer. Die doel van die gebruik van *geweld* moet wees om die liggaam van die persoon wat gearresteer sal word **"*in bedwang te bring*"** en dit mag slegs gebruik word indien daardie persoon *hom of haar nie aan bewaring onderwerp nie* ***en*** *die omstandighede* vereis dat *geweld* gebruik moet word. 'n *Lid* wat *geweld* vir enige ander doel gebruik (soos om die *verdagte* te straf of 'n les te leer), kan skuldig wees aan 'n misdryf soos aanranding, aanranding met die opset om ernstig te beseer, poging tot moord ens.

(6) Dit is voor die hand liggend dat artikel 39(1) van die *Strafproseswet* beoog dat **geen *geweld*** gewoonlik vereis word of nodig sal wees nie om 'n arrestasie uit te voer. In daardie beperkte omstandighede waar *geweld* wel nodig is om die liggaam van die persoon wat gearresteer sal word **"*in bedwang te bring*"**, mag die doel van die gebruik van *geweld* **slegs wees om die liggaam van die persoon wat gearresteer sal word "in bedwang te bring"**. Die gebruik van *geweld*



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

vir enige ander doel word derhalwe nie toegelaat nie (onregmatig). Wanneer die liggaam van die *verdagte in bedwang gebring is*, moet die gebruik van *geweld* onmiddellik stop.

(7) Artikel 39(1) magtig die gebruik van *geweld* ten einde die liggaam van die persoon wat gearresteer word, in bedwang te bring. Artikel 39(1) van die *Strafproseswet* magtig egter nie die gebruik van 'n vuurwapen nie. Artikel 49 van die *Strafproseswet* geld waar 'n vuurwapen gebruik word.



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

# HOOFSTUK 3: BEWOORDING VAN ARTIKEL 49

Artikel 49 van die *Strafproseswet* bepaal as volg:

***"Gebruik van geweld by inhegtenisneming***

*(1) Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken —*

*(a) "arresteerder" 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet gemagtig is om 'n verdagte in hegtenis te neem of om met sy of haar inhegtenisneming behulpsaam te wees;*

*(b) "verdagte" 'n persoon ten opsigte van wie 'n arresteerder 'n redelike vermoede het dat sodanige persoon 'n misdryf pleeg of gepleeg het; en*

*(c) "dodelike geweld" geweld wat waarskynlik ernstige liggaamlike besering of dood kan meebring, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, die skiet op 'n persoon met 'n vuurwapen.*

*(2) Indien 'n arresteerder poog om 'n verdagte in hegtenis te neem en die verdagte hom of haar teen die poging verset, of vlug, of hom of haar teen die poging verset en vlug, wanneer dit duidelik is dat 'n poging aangewend word om hom of haar in hegtenis te neem, en die verdagte nie sonder die aanwending van geweld in hegtenis geneem kan word nie, kan die arresteerder, ten einde die inhegtenisneming uit te voer, die geweld gebruik wat redelikerwys nodig en proporsioneel in die omstandighede is om die verset te bowe te kom of om die verdagte te verhinder om te vlug, maar, bykomstig by die vereiste dat die geweld redelikerwys nodig en proporsioneel in die omstandighede moet wees, mag die arresteerder dodelike geweld slegs gebruik indien —*

*(a) die verdagte 'n bedreiging van ernstige geweld teenoor die arresteerder of 'n ander persoon inhou; of*

*(b) die arresteerder op redelike gronde vermoed dat die verdagte 'n misdryf gepleeg het wat die toediening of dreigende toediening van ernstige liggaamlike besering behels het en daar geen ander redelike manier is waarop die inhegtenisneming, hetsy op daardie tydstip of later, uitgevoer kan word nie."*



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

# HOOFSTUK 4: VEREISTES VIR DIE GEBRUIK VAN GEWELD

## 5. Voorvereistes vir die gebruik van geweld

(1) Artikel 49 van die *Strafproseswet* bepaal dat *geweld* slegs op 'n persoon gebruik mag word indien ***dit duidelik is dat 'n poging aangewend word om hom of haar te arresteer (in hegtenis te neem)***. Artikel 49 vereis derhalwe dat dit "**duidelik**" vir die *verdagte* moet wees dat 'n poging aangewend word om hom of haar te arresteer.

(2) Die artikel bepaal nie hoe dit duidelik aan die *verdagte* gemaak moet word dat 'n poging aangewend word om hom of haar te arresteer nie. Die artikel vereis bloot dat dit duidelik gemaak moet word aan die *verdagte* dat 'n poging aangewend word om hom of haar te arresteer. Indien dit redelikerwys moontlik is, moet die persoon wat poog om die verdagte te arresteer, die *verdagte* mondelings inlig dat daar 'n poging aangewend word om hom of haar te arresteer. (Woorde soos "**STOP, POLISIE!**" sal gewoonlik voldoende wees.)

(3) *Geweld* mag slegs gebruik word indien die *verdagte* ***teen die poging om hom of haar te arresteer verset of vlug of verset en vlug***. Die mate van verset wat deur die *verdagte* gebied word sal gewoonlik bepaal watter mate van *geweld* gebruik mag word om die verset die hoof te bied en om te verhoed dat die *verdagte* vlug. Gewoonlik is dit voldoende om die *verdagte* te gryp en teen die grond vas te druk ten einde die liggaam van die *verdagte* in bedwang te bring.

(4) Die omstandighede moet van so 'n aard wees dat ***die verdagte nie sonder die gebruik van geweld gearresteer kan word nie.*** Daar kan van 'n *lid* verwag word om in die hof te verduidelik wat die omstandighede was wat dit onmoontlik gemaak het om die *verdagte* sonder die gebruik van *geweld* te arresteer.

(5) *Geweld* kan slegs gebruik word nadat die *verdagte* gewaarsku is dat *geweld* gebruik sal word tensy hy of sy ophou om hom of haar te verset



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

of poog om te vlug, maar versuim of weier om dit te doen.

(6) Die enigste uitsondering is waar die onregmatige optrede onmiddellik die lewe van 'n persoon of persone in gevaar stel en onmiddellike optrede noodsaak.



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

# HOOFSTUK 5: MINIMUM GEWELD EN PROPORSIONALITEIT

## 6. Minimum geweld wat redelik is in die omstandighede

(1) Ingevolge artikel 13(3)(b) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens mag slegs minimum *geweld* gebruik word wat redelik is in die omstandighede en die gebruik van sodanige *geweld* moet regtens gemagtig wees.

(2) Hierdie beginsel vereis dat die beoogde doel met die gebruik van die *geweld* (naamlik om die arrestasie uit te voer, die verset teen die arrestasie die hoof te bied of om te verhoed dat die *verdagte* vlug of om lewe en eiendom te beskerm) en die middele (die persoon or persone en die toerusting wat beskikbaar is) om die verwagte doel te bereik, moet oorweeg word.

(3) Waar dit redelikerwys voorsien word dat 'n bepaalde plig kan vereis dat *geweld* gebruik moet word (soos 'n arrestasie waar 'n lasbrief bekom is) of die beheer van 'n optog, moet 'n risiko-evaluering gemaak word voor die verrigting van die pligte. Voldoende personeel en toerusting moet, sover as wat redelik moontlik is, ontplooi word om te verseker dat die pligte verrig kan word met die gebruik van die minimum *geweld*. Al die omliggende omstandighede moet oorweeg word, soos die plek waar die pligte verrig sal word, die *verdagtes* wat waarskynlik aangetref sal word, of hulle gewapen sal wees, met 'n voertuig sal reis of per voet ens.

(4) Indien 'n *verdagte* aangetref word tydens die verrigting van roetine pligte, moet alternatiewe oorweeg word om die beoogde doel te bereik (ter illustrasie: indien 'n *verdagte* vlug, maar aan die *lid* bekend is, is dit nie nodig om *geweld* te gebruik om hom of haar te arresteer indien hy of sy later met veiligheid gearresteer kan word nie). Indien die gebruik van *geweld* onafwendbaar is om die beoogde doel te bereik, moet die minimum *geweld* gebruik word en die gebruik van die *geweld* moet gestaak word sodra die doel bereik is. Dit is, byvoorbeeld, nie



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

toelaatbaar om 'n *verdagte* te slaan wat bloot passiewe weerstand bied of om voort te gaan om 'n *verdagte,* wat geweldadige weerstand bied, handhandig te behandel nadat hy of sy hom of haar onderwerp na die gebruik van minimum *geweld* of 'n ander vorm van oortuiging nie. Daar word van *lede* verwag om op 'n professionele wyse op te tree en om nie hulle humeur te verloor nie.

(5) *Geweld* moet altyd met die grootste omsigtigheid gebruik word. Indien *geweld* gebruik word, word daar van *lede* verwag om selfbeheersing en geduld toe te pas, en om alle opsies te oorweeg voordat daar van fisiese *geweld* gebruik gemaak word. Die doodmaak van 'n *verdagte* word apart in Hoofstuk 6 behandel. Dit is egter belangrik om altyd in gedagte te hou dat die gebruik van *geweld* tot die dood van 'n *verdagte* kan lei. Die *OPOD* sal alle sterftes wat voortspruit uit polisieoptrede ingevolge artikel 28(1)(a) en (b) van die *OPOD-Wet*, ondersoek. Indien daar vasgestel word dat die dood van 'n *verdagte* deur die nalatigheid van 'n *lid* veroorsaak word, kan sodanige *lid* en, in gepaste omstandighede, die *bevelvoerder* van so 'n *lid*, strafregtelik aangekla word.

## 7. Proporsionaliteit

(1) Die proporsionaliteitsvereiste behels 'n klemverskuiwing. In die verlede het die reg nie vereis dat die leed wat veroorsaak word om die doel te bereik deur die gebruik van die *geweld* proporsioneel moet wees in die omstandighede nie. Dit het verander en proporsionaliteit sal nou altyd deel vorm van die toets om te bepaal of die *geweld* wat in werklikheid in 'n bepaalde geval gebruik is, regtens toelaatbaar was.

(2) In die uitvoering van die bevoegdhede, funksies en pligte, word *lede* nie toegelaat om blindelings *geweld* te gebruik selfs om 'n regmatige doelwit te bereik nie, want daar moet verseker word dat die leed wat veroorsaak kan word deur die gebruik van die *geweld*, proporsioneel moet wees in al die omstandighede. Dit sluit in die erns en aard van die misdryf ten opsigte waarvan die *verdagte* gearresteer word, die gedrag van die *verdagte,* insluitende enige dreigement wat die *verdagte* maak, ens.



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(3) Indien die misdryf nie ernstig is nie, soos die kruising van 'n straat in stryd met die padreëls (bontlopery) of onwettige parkering, is dit nie toelaatbaar om *geweld* te gebruik om die *verdagte* te arresteer nie, tensy ander omstandighede, soos die gedrag van die *verdagte*, daardie mate van *geweld* regverdig (die minimum *geweld*) wat nodig is om sy of haar liggaam in bedrang te bring.

(4) Indien die misdryf van 'n meer ernstige aard is, soos diefstal of saakbeskadiging, kan die minimum *geweld* wat nodig is om die arrestasie uit te voer, gebruik word.

(5) Omstandighede kan egter vinnig verander en *lede* moet voordurend die omstandighede heroorweeg en dienooreenkomstig optree.



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

# HOOFSTUK 6: DIE GEBRUIK VAN DODELIKE GEWELD

## 8. Gebruik van dodelike geweld

(1) Die gebruik van *geweld* om 'n arrestasie uit te voer, wat mag lei to die dood van die *verdagte,* sal slegs geregverdig wees in die omstandighede waarvoor in artikel 49 van die *Strafproseswet* voorsiening gemaak is. Die Grondwet verklaar "elkeen het die reg op lewe ".

(2) Artikel 49(2) van die*Strafproseswet* bepaal dat ***"bykomstig by die vereiste dat die geweld redelikerwys nodig en proporsioneel in die omstandighede moet wees, mag die arresteerder dodelike geweld slegs gebruik indien —***

***(a)*** ***die verdagte 'n bedreiging van ernstige geweld teenoor die arresteerder of 'n ander persoon inhou; of***

***(b)*** ***die arresteerder op redelike gronde vermoed dat die verdagte 'n misdryf gepleeg het wat die toediening of dreigende toediening van ernstige liggaamlike besering behels het en daar geen ander redelike manier is waarop die inhegtenisneming, hetsy op daardie tydstip of later, uitgevoer kan word nie.***

(3) Artikel 49(1) van die *Strafproseswet* omskryf ***"dodelike geweld"*** as *"geweld wat waarskynlik ernstige liggaamlike besering of dood kan meebring, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, die skiet op 'n persoon met 'n vuurwapen."*

(4) Hoewel artikel 49 geregverdige doding van 'n *verdagte* gedurende arrestasie, poging tot arrestasie of vlug van die arrestasie aanspreek, sal die beginsel vervat in die artikel altyd van toepassing wees waar *geweld* gebruik word wat mag lei tot die dood van 'n *verdagte*. Derhalwe, ongeag die omstandighede, mag *dodelike geweld* slegs gebruik word waar dit ingevolge artikel 49 regverdig kan word.

(5) In die geval van misdade teen eiendom, *ongeag wat die waarde van die eiendom is,* sal die gebruik van *dodelike geweld* ten einde te arresteer nooit toelaatbaar wees nie. Daar kan nooit aan eiendom meer waarde geheg word as die lewe van 'n persoon nie.



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

# HOOFSTUK 7: DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN 'N BEVELVOERDER EN DIE AANMELDING VAN VOORVALLE

## 9. Die verantwoordelikhede van bevelvoerders

(1) Elke *bevelvoerder* is verantwoordelik om te verseker dat alle *lede* onder sy of haar bevel behoorlik opgelei is in die beginsels in verband met die gebruik van *geweld*.

(2) Inaggenome die beginsels wat in hierdie Nasionale Standaard van Polisiëring vervat word en die toerusting wat beskikbaar is, moet alle *bevelvoerders* verseker dat gebeurlikheidsplanne oor die gebruik van *geweld* ontwikkel word vir die roetine pligte van *lede* onder hulle bevel ontwikkel word. Waar dit prakties moontlik is, moet die gebruik van *geweld* in elke geval waar daar voorsien word dat 'n bepaalde verpligting die gebruik van *geweld* mag noodsaak, beplan word.

(3) Die gebeurlikheidsplan oor die gebruik van *geweld* deur *lede* tydens roetine pligte moet 'n versigtige en deurdagte oorweging van die situasies weerspieël, wat volgens ondervinding waarskynlik tydens die uitvoering van die pligte kan opduik. *Lede* moet op plaaslike vlak in die gebeurlikheidsplanne en die gebruik van *geweld* in die algemeen opgelei word en van tyd-tot-tyd heropgelei word om te verseker dat hierdie munisipale standaard nagekom word.

(4) 'n Afskrif van die gebeurlikheidsplan moet aan die uitvoerende hoof van die munisipale polisiediens verskaf word en 'n afskrif moet aan die betrokke Provinsiale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens oorhandig word.

## 10. Aanmelding

(1) Indien enige persoon sterf of beseer word weens die afvuur van 'n amptelike vuurwapen deur 'n *lid*, moet die verantwoordelike *lid* —

(a) onmiddellik sy of haar *bevelvoerder* en die polisiestasie in die area waarin die voorval plaasgevind het, inlig;

(b) die toneel beveilig waar die voorval plaasgevind het totdat lede



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

van die Suid-Afrikaanse Polisiediens opdaag;

(c) gepaste mediese behandeling aan enige beseerde persson toedien of verseker; en

(d) toesien dat *OPOD* van die voorval in kennis gestel word, soos wat deur die *OPOD-Wet* vereis word.

(2) Die *bevelvoerder* of ander senior beampte van die munisipale polisiediens moet reageer op die voorval en die naaste polisiestasie daarvan in kennis stel.



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**